HOëRSKOOL NICO MALAN

Telefoon: 042-2951130 Faks: 0866975661
E-pos: nicomalan@gmail.com Webtuiste: www.nicomalan.co.za

AANSOEK OM TOELATING

GOEDGEKEUR	JA	NEE	Par.
Datum:			
Rede vir nie goedkeuring:			

Toegelaat tot graad:	Datum:	Rekeningnr.:	Toelatingsnr.:

Let Wel: Aansoek sal slegs oorweeg word indien elke afdeling van die vorm volledig voltooi is en die volgende twee dokumente aangeheg is:

*1) **Afskrif van leerder se Geboortesertifikaat / I.D. dokument.** 2) **Afskrif van laaste Rapport.***

'n Bewys van u vaste woonadres binne die skool se voedersgebied kan van u gevra word (bv. afskrif van u munisipale rekening).

Graad waarvoor aansoek gedoen word: ____ Datum waarop toelating verlang word: Dag: ____ Maand: _____ Jaar: ____

Hoogste graad geslaag: ____ Jaar waarin graad geslaag is: _____ Voorskoolse opleiding? Geen | Informeel | Formeel

♦ **Leerder:** Van: _____ Geslag: M | V Ras: _____

Volle name: _____ Noemnaam: _____

Geboortedatum: Dag _____ Maand _____ Jaar _____ ID no.: _____

Land van verblyf: _____ Indien SA, meld provinsie: _____ Burgerskap: _____

Huistaal: _____ Taal waarin onderrig verkies word: _____ Koshuisleerder? Ja | Nee

Tel.: _____ Sel: _____ Tel. in geval van nood: _____

Woonadres: _____

Stad / woonbuurt: _____ Kode: _____ E-posadres van leerder: _____

Hoe kom kind by skool? Loop | Eie vervoer | Bus | Ander: Spesifiseer

Geloof: _____ Kerk: _____ Ouers oorlede? Geen | Moeder | Vader | Albei

♦ **Besonderhede van vorige / huidige skool:** Naam van skool: _____ Tel.: _____

Adres van skool: _____

Stad: _____ Kode: _____ Provinsie: _____ Land: _____

♦ **Gesin:** Verskaf asseblief name van ander kinders in u gesin wat tans Hoërskool Nico Malan bywoon:

Volle name en van: _____ Graad: _____

Volle name en van: _____ Graad: _____

Volle name en van: _____ Graad: _____

♦ **Ouer / Voog:** Titel: _____ Van: _____ Huistaal: _____

Volle name: _____ Huwelikstaat: _____

ID no.: _____ Ras: _____ Verwantskap met leerder: _____

Sel: _____ Tel. (W): _____ Faks: _____ Tel. (H): _____

Woonadres: _____ Stad / woonbuurt: _____

Posadres: _____ Stad / woonbuurt: _____ Kode: _____

Beroep: _____ Werkgewer: _____

Werksadres: _____ Stad / woonbuurt: _____

E-posadres: _____ Bly leerder saam met ouer? Ja | Nee Rekenpligtige? Ja | Nee

♦ **Wederhelf:** Titel: _____ Van: _____ Huistaal: _____

Volle name: _____

ID no.: _____ Ras: _____ Verwantskap met leerder: _____

Sel: _____ Tel. (W): _____ Faks: _____ Tel. (H): _____

Woonadres: _____ Stad / woonbuurt: _____

Posadres: _____ Stad / woonbuurt: _____ Kode: _____

Beroep: _____ Werkgewer: _____

Werksadres: _____ Stad / woonbuurt: _____

E-posadres: _____ Bly leerder saam met ouer? Ja | Nee Rekenpligtige? Ja | Nee

♦ **Derde ouer (Indien van toepassing):** Titel: _____ Van: _____ Huistaal: _____

Volle name: _____ Huwelikstaat: _____

ID no.: _____ Ras: _____ Verwantskap met leerder: _____

Sel: _____ Tel. (W): _____ Faks: _____ Tel. (H): _____

Woonadres: _____ Stad / woonbuurt: _____

Posadres: _____ Stad / woonbuurt: _____ Kode: _____

Beroep: _____ Werkgewer: _____

Werksadres: _____ Stad / woonbuurt: _____

E-posadres: _____ Bly leerder saam met ouer? Ja | Nee Rekenpligtige? Ja | Nee

♦ **Dissiplinêre geskiedenis.**

Is voortsetting van studie by enige skool in enige stadium in die verlede aan die leerder geweier? | Ja | Nee |

Indien ja, meld naam van skool: _____ Tel.: _____

Gee asseblief 'n kort verduideliking: _____

_____

_____

Is daar in die verlede, deur enige skool, dissiplinêr teen die leerder opgetree as gevolg van 'n ernstige oortreding? | Ja | Nee |

Indien ja, meld naam van skool: _____ Tel.: _____

Gee asseblief 'n kort verduideliking: _____

_____

_____

♦ **Mediese inligting van leerder.**

Naam van mediese fonds: _____ Mediesefondsnommer: _____

Naam van hooflid: _____ Tel.: _____

Naam van huisdokter: _____ Tel.: _____ Stad: _____

Onderstreep siekte(s) waarteen leerder geïmmuniseer is: *tuberkulose (B.C.G.), tetanus, masels, poliomiëlitis, hepatitis B.*

Mediese toestand: _____

_____

Spesiale probleme wat berading benodig: _____

_____

_____

♦ Behendigheid van leerder: | Regshandig | Linkshandig | Vaardig met beide hande |

♦ Aantal kinders in gesin: _____ Posisie in gesin (bv. Eerste): _____ Aantal ander kinders in hierdie skool: _____

♦ Ontvang u vir leerder 'n maatskaplike toelaag? | Ja | Nee |

♦ Hiermee verleen ek toestemming dat bogenoemde leerder mag deelneem aan buitemuurse bedrywighede en sport van hierdie skool. | Ja | Nee |

Buitemuurse aktiwiteite waaraan leerder deelneem / deelgeneem het:

SPORT

Sportsoort	Span / Byeenkoms	Posisie / Item	Provinsiale Span	Nasionale Span	Hoogste Meriete-toekenning	Jaar

KULTUUR

Aktiwiteit	Jaar	Hoogste Merietetoekenning

LEIERSPOSISIES

Posisie	Jaar

Belangstellings / Stokperdjies / Aktiwiteite buite skoolverband: _____

_____

♦ Meld of u, as ouer of voog van bogenoemde leerder, enige gewetensbeswaar het teen 'n Christelik-gefundeerde opvoeding. | Ja | Nee |

♦ Hiermee bevestig ek dat ek in besit is van die Hoërskool Nico Malan se gedragskode en toelatingsbeleid en dat ek die gedragskode en toelatingsbeleid aanvaar.

Hiermee verklaar ek dat, sover my kennis strek, die bogenoemde inligting wat verskaf is, akkuraat en korrek is.

Ouer / Voog: Naam en van in drukskrif: _____

Ouer / Voog: Handtekening: _____ Datum: _____

DOKUMENTASIE ONTVANG	**Geboortesertifikaat / I.D. dokument**	**Laaste Rapport**	**Oorplasingsbrief van vorige skool**

HOëRSKOOL NICO MALAN: SKOOLGELD

Ingevolge Staatskoerant nommer 29311 van 18 Oktober 2006 bring ek die volgende onder u aandag:

1. Hoërskool Nico Malan is 'n artikel 21–skool in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet No. 84 van 2006. Verpligte jaarlikse skoolgeld word by hierdie skool gehef.

   SKOOLGELD 2011:

Gesinne met 1 kind:	R7 200 p.j.
Gesinne met 2 kinders:	R13 900 p.j.
Gesinne met 3 kinders:	R20 600 p.j.

   Die skoolgeld vir 2012 word op 'n later stadium bepaal en dan goedgekeur tydens 'n ouervergadering wat gewoonlik in November 2011 (DV) gehou word.

   Skakel asseblief die skool as u 'n navraag in verband met die spesifieke bedrag het.

2. U het die reg om aansoek te doen om kwytskelding van die betaling van skoolgeld. Vorms is beskikbaar by die skool en is op aanvraag beskikbaar.

3. U mag kwalifiseer vir volle kwytskelding, gedeeltelike kwytskelding of geen kwytskelding nie.

4. U bly wetlik aanspreeklik vir alle skoolgeld waarvoor u nie kwytskelding van betaling ontvang het nie.

5. Dui asseblief op meegaande vorm aan of u wil aansoek doen om kwytskelding en of u hulp nodig het met die invul van die aansoekvorm.

6. Let daarop dat hierdie skool slegs die gehalte–onderrig kan gee waaraan u gewoond is as ouers hul finansiële verpligting teenoor die skool eerbiedig.

Indien u om kwytskelding wil aansoek doen, moet u die onderstaande vorm voltooi en saam met u aansoekvorm ingee.

(Merk met 'n X in die toepaslike blokkie.)

1.	Het die skoolhoof aan u die totale bedrag van die jaarlikse skoolgeld meegedeel?	Ja	Nee
2.	Het die skoolhoof u in kennis gestel dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolgeld, behalwe in die geval waar u totale kwytskelding verkry het?	Ja	Nee
3.	Het die skoolhoof u in kennis gestel dat u die reg het om aansoek te doen vir kwytskelding van skoolgeld?	Ja	Nee
4.	Wil u graag aansoek doen om kwytskelding?	Ja	Nee
5.	Sou u graag bystand verlang vir so 'n aansoek?	Ja	Nee
6.	Het die skoolhoof u voorsien van 'n aansoekvorm (bylae B) vir kwytskelding?	Ja	Nee

_____ _____

Naam van skoolhoof Naam van ouer

_____ _____

Handtekening van skoolhoof Handtekening van ouer

Datum: _____ Datum: _____

Hoërskool Nico Malan
Gedragskode en Toelatingsbeleid

1. **Gedragskode**

1.1 Die Skolewet

Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No. 84 van 1996, artikel 8 (1) magtig die beheerliggaam van ‘n skool om dissipline in ‘n skool te handhaaf. Die gedragskode moet gedrag wat die regte van leerders en opvoeders respekteer, voorskryf.

1.2 Doel

Die doel van die gedragskode is om positiewe dissipline, selfdissipline en voorbeeldige optredes by skole te bevorder.

1.3 Opvoeders se regte

Volgens die wet en die gedragskode het die opvoeder by die skool dieselfde regte as die ouer ten opsigte van die kontrole en dissipline van die leerders gedurende die tydperk wat die leerder by die skool of in die klaskamer is, tydens ‘n skool-funksie of uitstappie wat betrekking op die skool het.

1.4 Leerders se regte

Wet no. 108 van 1996 bevestig die demokratiese regte van leerders en onderskraag die leerders se reg tot waardigheid, gelykheid en vryheid.

Leerders kry die geleentheid tot deelname aan bestuur deur middel van die demokraties verkose leerderraad en sy onder-skeie komitees waarvan die uitvoerende komitee een is. Leerders het die geleentheid om hul opinies op die volgende wyse te lug:

- deur die verteenwoordigende liggaam / komitee van die leerders.
- deur middel van die houer wat in die voorportaal beskikbaar is.
- gesprekvoering met opvoeders, leierspan, adjunkhoof of die skoolhoof.

1.5 Skool en omgewing

Leerders het die reg tot ‘n veilige omgewing en skool wat bevorderlik vir onderwys is bv. goed versorgde fasiliteite, skooltoerusting, meubels en skoolkleedkamers. Leerders moet vrye toegang tot bywoning van klasse hê, ongehinderd toetse en eksamens kan aflê en hul voorberei op ‘n loopbaan.

Skoolopleiding is verpligtend tot aan die einde van die jaar waarin die leerder in graad 9 is of 15 jaar oud word.

1.6 Regte en verantwoordelikhede van leerders

1.6.1 Algemeen:

Leerders moet

- altyd netjies en hoflik wees.
- seuns en dogters se hare moet te alle tye netjies wees en pas by formele skooldrag.
- seuns word nie toegelaat om 'n baard of 'n snor te kweek nie en moet te alle tye glad geskeer wees.
- ordelik optree.
- hul aan dissipline onderwerp wat nodig is vir die goeie funksionering van die skool.
- voorbeeldig in die publiek optree.
- korrektiewe maatreëls aanvaar.
- die skool getrou bywoon (indien nie, moet die ouers skriftelik of telefonies verskoning aanteken).

1.6.2 Klaskamer:

Leerders moet:

- nie onderrig steur of verhinder nie.
- skoolwerk en ander studiepligte pligsgetrou nakom.
- aandag gee en deelneem aan onderrig-opdragte.
- werk wat verloor is as gevolg van afwesigheid self inhaal.

1.7 Verantwoordelikhede van ouers

Die verantwoordelikheid van leerders se gedrag en optrede berus by die ouers. Daar word van die ouers verwag om:

- die skool te ondersteun sowel as aan te dring daarop dat leerders skoolreëls gehoorsaam en verantwoordelikheid vir wangedrag aanvaar.
- verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar dat hul kind by die skool kom.
- die skool in te lig indien die leerder nie die skool kan bywoon nie.
- belangstelling te toon in die kind se skoolwerk.
- dit moontlik maak vir hul kind om tuiswerk te voltooi.
- probleme by die skool met die skoolhoof of adjunkhoof te bespreek ten einde oplossings te vind.

1.8 Dissipline

Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 magtig skole om leerders te dissiplineer.

Die proses moet spoedig geïmplementeer word, billik, regverdig, korrektief, konsekwent en opvoedkundig verantwoordbaar wees.

Opvoeders het die reg en verantwoordelikheid om leerders te korrigeer wanneer dit nodig is. Leerders kan na die adjunkhoof gestuur word, terwyl verdere ernstige wanoptrede na die skoolhoof verwys word. Een van die take van die adjunkhoof is om orde en dissipline in die skool te handhaaf.

Straf is ‘n korrektiewe maatreël om orde in die skool te behou en onbelemmerde onderrig te verseker.

1.9 Korrektiewe maatreëls

- Mondelinge waarskuwing (inskrywing in strafregister).
- Bekostigbare skadevergoeding soos ooreengekom.
- Skorsing uit skoolaktiwiteite.
- Detensie.
- Leerder verbeur die voorreg om in eksamentyd tuis te studeer.
- Skorsing of uitsetting.

1.10 Ernstige oortredings

Bogenoemde oortredings word soos volg in die Provinsiale Gaset van 25 Junie 1999 beskryf:

‘n Leerder wat

(a) deur ‘n hof skuldig bevind is aan ‘n kriminele oortreding;
(b) in besit was van alkoholiese drank of dwelms of dit gebruik het tydens ‘n skoolaktiwiteit;
(c) skuldig is aan aanranding, diefstal of immorele gedrag;
(d) herhaaldelik sonder verlof afwesig was van skool en / of klasse;
(e) doelbewus en sonder verskoning:

  (i) onderrig of studies in die klas ontwrig of dreig om te ontwrig
  (ii) deelneem aan beplanning om die normale funksionering van die skool te ontwrig of poog om dit te ontwrig
  (iii) die waardigheid van ‘n personeellid aantas en / of sy persoon beledig
  (iv) oneerlik is in ‘n toets of eksamen
  (v) enige toets- of eksamenmateriaal versprei wat enige ander persoon of homself kan bevoordeel
  (vi) ‘n ander persoon seksueel teister
  (vii) in besit gevind word van of deelneem aan die verspreiding van pornografiese materiaal
  (viii) dokumentasie vervals of onjuiste inligting verskaf om sodoende onregverdige voordeel by die skool te verkry
  (ix) in besit is van ‘n gevaarlike wapen of dit gebruik om enige persoon te dreig
  (x) betrokke raak in enige aksie van onwelvoeglike openbare optrede

(f) ander persone in gevaar stel of hul regte skend;
(g) baklei, vloek of hom- of haarself vals identifiseer;
(h) mede-leerders of opvoeders bedreig;
(i) gebruik maak van haatspraak, rassisme of kwetsende graffiti;
(j) skuldig is aan vandalisme of die beskadiging of ontsiering van skooleiendom;
(k) herhaaldelik skoolreëls of die gedragskode verbreek;
(l) homself of haarself, volgens die opinie van die beheerliggaam, wangedra of onbehoorlik optree;

(m) skuldig is aan beledigende of onderdrukkende optrede;
(n) enige laakbare daad wat lynreg in stryd met die skool se etos is, gepleeg het

kan skuldig bevind word aan ernstige wangedrag.

1.11 Dissiplinêre optrede

1.11.1 *Voorlopige verhoor*

Wanneer ‘n leerder aangekla word van ‘n ernstige oortreding, kan die skoolhoof ‘n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of ‘n dissiplinêre verhoor nodig is.

1.11.2 *Dissiplinêre verhoor*

Die ondersoekbeampte stel ‘n klagstaat op en die ouers en leerder word skriftelik kennis gegee van die klag, plek en die datum van die verhoor. Hierdie reëlings word getref in oorleg met die dissiplinêre komitee. Die kennisgewing moet genoegsame inligting bevat ten opsigte van datum, plek en aard van die beweerde oortreding sodat die leerder die insident kan eien en daarop kan reageer. Ten minste 5 skooldae moet verloop tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor.

Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die komitee bestaan uit 5 lede wat soos volg saamgestel word:

- twee ouers wat beheerliggaamlede is;
- een opvoeder wat op die beheerliggaam is;
- een leerder wat lid is van die beheerliggaam;
- die skoolhoof.

Die voorsitter moet ‘n ouer, wat op die beheerliggaam dien, wees.

Die leerder wat aangekla word, mag twee van die lede van die dissiplinêre komitee aanwys, maar het nie die reg om die voorsitter aan te wys nie. Die leerder kan deur sy ouers bygestaan word en kan ook ‘n verteenwoordiger benoem. Indien die leerder en / of sy ouers en verteenwoordiger afwesig is, mag die verhoor sonder hulle voortgaan. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor bywoon nie.

Die verhoor moet billik en regverdig wees en sal geskied volgens voorskrifte van die provinsiale koerant no. 415 van 25 Junie 1999. Die leerder het die reg om gehoor te word, mag vrae aan getuies vra, getuies roep, en dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek.

Na die volledige verhoor afgehandel is, neem die komitee ‘n besluit oor die skuldig- of onskuldigbevinding van die leerder. Aanbevelings oor korrektiewe optrede, insluitende skorsing of skorsing met die oog op uitsetting, word indien nodig, daarna gemaak.

As die beheerliggaam besluit op 'n strafmaatreël, moet die leerders en sy / haar ouers binne 5 dae skriftelik in kennis gestel word van die volledige besonderhede van die straf.

Ernstige wangedrag, wat oortredings ingevolge die wet kan insluit, kan deur die polisie ondersoek en indien nodig, na ‘n hof verwys word.

1.12 Samevattend

Alle betrokke partye poog om sinvolle onderrig by Hoërskool Nico Malan ongesteurd te laat geskied en wel op so ‘n wyse dat die betrokkenes te alle tye netjies, hoflik en respekvol teenoor ander leerders, die personeel en die publiek sal optree. Alle partye se individuele regte en menswaardigheid word erken. Optrede en dissiplinêre aksies is daarop gemik om bogenoemde te laat geskied en altyd met die doel om die leerder en ander leerders se onderwys en opvoeding te bevoordeel.

Hoërskool Nico Malan se visie en missie bly steeds die strewe na uitnemendheid op alle terreine.

2. **Toelatingsbeleid**

2.1 Ouderdom

Nasionale beleid bepaal dat leerders se vordering saam met sy ouderdomsgroep behoort te wees. 'n Leerder word gewoonlik 14 jaar oud in graad 8.

Afwykings hiervan moet met die hoof bespreek word en sal slegs oorweeg word as geregverdigde opvoedkundige motivering daarvoor bestaan.

'n Leerder wat 16 jaar of ouer is en wat nog nie genoegsame vordering getoon het t.o.v. sy ouderdomsgroep nie, sal geadviseer word om volwasse onderrig te ontvang.

2.2 Graad 12

Leerders sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word in graad 12.

Toelating van graad 12-leerders sal slegs oorweeg word as:

2.2.1 dit in die leerder se opvoedkundige belang is en geen akademiese risiko vir die leerder inhou nie.
2.2.2 die leerder die skool vanaf die eerste skooldag van die jaar kan bywoon.

2.3 Taalvereistes

Onderrig geskied in Afrikaans **en** Engels en dit is van kardinale belang dat leerders effektief kan kommunikeer in een van die twee tale en ten minste die ander taal gemaklik en met begrip kan volg.

Leerders kan slegs toelating verkry as hul by hul vorige skool 'n vakkeuse gehad het wat Afrikaans **en** Engels op ten minste eerste addisionele taal-vlak ingesluit het.

In uitsonderlike gevalle kan 'n leerder wat 'n puik prestasie (70% of meer) in Afrikaans en / of Engels Tweede Addisionele Taal behaal het ook oorweeg word.

2.4 Tuisonderrig

'n Leerder wat tuisonderrig ontvang het, sal slegs oorweeg word vir toelating tot die skool as hy vanaf die eerste dag van die skooljaar die skool kan bywoon.

Alle gewone toelatingsvereistes geld uit die aard van die saak ook vir so 'n leerder.

3. **Godsdiensbeleid**

Die opvoeding by Hoërskool Nico Malan is Christelik gefundeerd. Bywoning van saalbyeenkomste is verpligtend en leerders of hulle ouers wat beginselbesware het teen die Christelike leer, moet dit dienooreenkomstig aandui op die vorm: Aansoek om Toelating. Alternatiewe reëlings sal getref word om sulke leerders te akkommodeer.

4. **Algemene inligting**

4.1 Die begroting en skoolgeldbedrag word aan die einde van elke jaar tydens 'n openbare vergadering voorgelê aan die ouers vir goedkeuring.

4.2 Dit is die ouer se verantwoordelikheid om hul kinders te ondersteun om skool gereeld by te woon.

4.3 Dit is die ouer se reg om te appelleer teen die skool se besluit om 'n leerder toelating te weier. Hierdie appèl word gerig aan die LUK (Onderwys).

4.4 Indien enige ouer 'n beginselbeswaar het ten opsigte van enige een van bogenoemde reëls gegrond op godsdienstige, taal of kulturele oorwegings, staan dit hom / haar vry om skriftelik aansoek te doen by die beheerliggaam om 'n onderlinge ooreenkoms aan te gaan wat beide partye bevredig.

Sulke aansoeke moet op meriete gegrond wees en sal op billike wyse binne bestaande wetgewing (en met inagneming van die skoolgemeenskap se bestaande etos ten opsigte van algemene netheid en voorkoms) oorweeg word.

Persoonlike voor- en / of afkeure van leerders as enigste meriete, sal afgekeur word.